ONTDEK JOH. 3:16 MET 'N SKATTEJAG

DOEL VAN DIE LES: Om deur middel van 'n interessante skattejag Joh. 3:16 vas te lê of te hersien.

BENODIG VIR ELKEEN IN U KLAS:

SKATTE:
* Prentjie van 'n **kroon**, gedruk op geel karton of goud geverf
* 'n Prentjie van die **wêreld** (aarde) op 'n sukkie blou karton gedruk. Plak 'n spieëltjie (2x2 cm) op die aarde. Plaas 'n byskrif op die karton: "Een van God se kosbaarste skeppings." Trek 'n pyltjie na die spieëltjie.

* 'n **rooi hartjie** (geverfde gipshart of rooi kartonhart)
* 'n **kruisie** gemaak uit hout, of uit stewige bruin karton
* 'n **geskenkie**, gemaak met 'n vuurhoutjiedosie. Die dosie moet kan oopmaak sonder om te beskadig, plak dus net 'n stukkie geskenkpapier en lint rondom. Plaas binne-in 'n papiertjie met Joh. 1:12 volledig daarop getik.

* **'n medalje**, gemaak met gips of karton (en goud geverf)

Sorg dat die grootte van die skatte min of meer in verhouding is met mekaar!

HOUERS: 'n Bakkie (bv. Margarien) waarin die kind sy "skatte" kan bêre. Plak die teksvers (Joh. 3:16) volledig getik op die bakkie se deksel.

LEIDRADE: Gebruik geskikte leidrade wat pas by die klas se ouderdom. Elke leidraad moet verwys na die plek waar gesoek moet word, sowel as die item wat gesoek moet word. Die items moet gesoek word in die volgorde soos elkeen genoem is. (kroon, wêreld, hart, kruis, geskenk, medalje)

VOORBEELDE:
* Daarbo waar die musiek so mooi speel, soek die wenner na iets goud en geel (orrelgallery; medalje)
* Plante en blomme kan welig hier groei, teen hierdie hout het sy bloed vir ons gevloei (tuin; kruis)

VOORAF: Steek al die items op 'n geskikte plek weg bv. Die kruise in die tuin ens. Al die kinders moet elke keer soek vir sy eie item (onthou die spesifieke volgorde!)

TYDENS DIE LES:
- Gee aan elkeen sy bakkie (sonder die deksel!) waarin hy sy "skatte" gaan versamel.
- Sê vooraf dat elkeen na 6 spesifieke items gaan soek, almal soek gelyktydig na dieselfde item by dieselfde wegsteekarea.
- Lees die eerste leidraad, almal mag eers soontoe beweeg as hulle weet waar om te soek, niemand mag agterraak nie.
- Lees die volgende leidraad en beweeg aan sodra almal hul items by 'n spesifieke punt gevind het. Gaan terug klas toe as almal al ses hul skatte het.
- Laat die kinders die items uitpak en probeer "ontdek" watter teks word uitgebeeld. Herinner die kinders aan die volgorde waarin daar na die skatte gesoek is. Help waar nodig.
- Gee aan elkeen sy bakkie se deksel waarop die teks geplak is, sodat hulle die skatte kan huis toe neem en ook aan ander kan verduidelik. (Sien bylaag 1)

God het die wêreld so liefgehad dat Hy Sy enigste seun gegee het,

sodat die wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die Ewige lewe sal hê!

Hanneke Carstens
Bellville Riebeeck